Persverklaring **07 November 2011**

Die Retreat te Hazeldean sukses toon behoefte vir kwaliteit aftree-behuising

PRETORIA – Konstruksie is onlangs voltooi aan die eerste 20 woonstelle by Die Retreat te Hazeldean en 35% daarvan is reeds verkoop. Pryse vir die studio woonstelle begin by R605 000 en die eenslaapkamer woonstelle is beskikbaar vanaf R805 000. Huur -eenhede is ook beskikbaar. Wanneer al die toekomstige fase voltooi is sal daar ‘n totaal van 144 woonstel eenhede wees. Daar sal ‘n onderdak-gang gebou word met toegang na die klubhuis aan die einde van die volgende fase.

Eienaars kan kies tussen luukse teels en matte sowel as ‘n verskeidenheid van ander afwerkings. Elkeen van die woonstelle is ruim, rolstoel-vriendelik en kan maklik omskep word om in u mediese behoeftes te voorsien. “Die badkamers het almal uittrek-krane by die wasbak, infrarooi verwarmers, stortstoele en die toiletsitplekke is 75mm gelig. Nog ‘n luukse item wat ons by die eenhede gevoeg het is ondervloerse verhitting in elke eenheid en lugverkoeling as ‘n opsionele ekstra,” noem Charl May, Projekbestuurder by die ontwikkelaar, Sable Homes. ‘n spesifiek ontwerpte paraplegiese pakket is ook beskikbaar as ‘n opsionele ekstra.

Dienste eie aan die woonstelle sluit in 15 maaltye per maand, wat ingesluit is by die maandelikse heffing, met ekstra maaltye wat bestel kan word soos verlang. Wasgoeddienste is ook ingesluit. Elke eenheid is toegerus met ‘n paniekknoppie, en inwoners het toegang tot die Retreat se mediese fasiliteite en dienste, sowel as tuis versorging. Die Retreat is ook naby aan die Wilgers Hospitaal en die Hazeldean Intercare Mediese- en Tandheelkunde Sentrum.

Talle inwoners het Die Retreat reeds hul tuiste gemaak sedert die bekendstelling van hierdie unieke aftreekonsep ‘n paar jaar gelede.

Fase 1 & 2 van die huise is reeds uitverkoop en die ontwikkelaar het fase 3 bekendgestel aan die einde van September 2011. 1,2 & 3 slaapkamer losstaande huise is beskibaar, met pryse wat begin R915 000.

Die Retreat se luukse klubhuis spog tans met verhitte swembaddens, ‘n stoomkamer, ten volle toegeruste gymnasium, ‘n oefenkamer, ‘n toegeruste biblioteek, brugkamer, sitkamer, dameskroeg, met verdere geriewe wat tesame met toekomstige fases gebou sal word. ‘n Verdere pluspunt is die wye verskeidenheid aktiwiteite wat op ‘n gereelde basis by Die Retreat aangebied word, insluitende aerobiese oefeninge, pilatus klasse, brugklub, speletjiesaande, gesondheidspraatjies met gassprekers, bybelstudie, boekklubs en vele meer.

Vir meer inligting rakende Die Retreat kan die webwerf besoek word by www.retreat.co.za of kontak Annamarie Marais by 082 741 7766.

-eindig-

Ingedien deur:	Susan du Plessis
	Sable Homes
Tel:	(011) 510 9730
E-pos:	susan.duplessis@sablehomes.co.za